

# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 11**

**- Vir die Koninkryk -**

**5 Januarie 2010 AD**

## DIE KERKLIED

### Inhoud

- Inleiding ... 1
- Totius oor die lied in die kerkgeskiedenis (vroeë kerk, reformatie, dordt, Nederland) ... 2
- Totius oor die vrye kerklied (Gesange) ... 9
- Totius en die Skrifberymings ... 17
- Die kerklied in die presbiteriaanse wêreld ... 30
- G van Rongen oor die kerklied en eie slotopmerkings en vrae ... 36

---

**PSALMSING TOT EER VAN GOD, PSALMSING !**

**PSALMSING TOT EER VAN ONS KONING, PSALMSING !**

**– Ps.47:7**

---

### Inleiding

Op die internet gespreksgroep, *gksagesprek*,<sup>1</sup> was daar in die tweede helfte van 2009 'n intensiewe gesprek en debat oor die kerklied: wat moet/behoort/kan ons sing in die erediens ? Na aanleiding van die gesprek, het ek op daardie gespreksgroep 'n reeks van vyf artikels geskryf, hoofsaaklik na aanleiding van (en in gesprek met) Totius se deeglike historiese oorsig oor die kerklied. Intussen het ek 'n paar navrae daaroor gehad, en daarom bied ek nou artikels in hierdie formaat aan,<sup>2</sup> met die oog op verdere besinning en gesprek, veral in die lig daarvan dat GKSA sinode 2012, DV, wesentlike besluite oor die saak gaan neem, o.a. die moontlike verandering van Dordtse Kerkorde, artikel 69.

---

<sup>1</sup> Sien [gksagesprek@yahoogroups.com](mailto:gksagesprek@yahoogroups.com)

<sup>2</sup> Ek het die oorspronklike inhoud onveranderd gelaat.

## **Die kerklied (1) – Totius oor die lied in die kerkgeskiedenis**

Let wel, in hierdie skrywes benader ek die saak primêr vanuit 'n historiese oogpunt, en nie noodwendig my eie standpunt nie. Ek sal wel tussen die skrywes elke keer die woord 'Implikasie' invoeg, waarna ek sal noem wat dit moontlik beteken vir ons huidige gesprek. Heel aan die einde (na 'n paar artikels) wil ek probeer opsom wat die gevolge daarvan is vir ons debat, asook my eie standpunt daaroor.

Soos Totius skryf: "Nou is die geskiedenis wel geen onfeilbare nie maar dan tog 'n ernstige leermeester."

Net weereens my eie gebruik van terme:

Psalms: 150 Psalms

SB: liedere/berymings wat regstreeks uit die kanon verkry word

Gesange: liedere wat nie regstreeks uit die kanon verkry word nie, maar volgens die Skrif se boodskap/temas oor die algemeen opgestel word.

Ek sal elke keer in hakies hieronder die afkortings Ps, SB, G gebruik, waar dit verskil met ander skrywers se gebruik van die terme.

Sien ook die volgende afkortings:

RBE: regulerende beginsel van die erediens

NGB: Nederlandse Geloofsbelydenis

HK: Heidelbergse Kategismus

DL: Dordtse Leerreëls

GV: Gesange voorstanders

---

**Wat ek geleer het oor die sang by Totius en spesifiek die Skrifberymings** (bron: *Versamelde Werke*, 1977 uitgawe, deel 3, bl.357-477)

### **1. Inleiding**

Volgens Totius, blyk dit dat wanneer daar gesê word dat die gereformeerde kerke deur die eeu 'n "Psalmsingende kerk" is/was, dan is daarmee nie bedoel dat die liedereskat daarmee

beperk was/is tot net die 150 Psalms nie. Met die uitspraak word bedoel dat die Psalms wesentlik sentraal staan en die voorkeur kry, maar dat daar ook plek is vir ander liedere/berymings direk uit Skrif verleen. Dit is dan ook wat Totius bedoel met sy boekie saam met Cachet, "Waarom sing die Gereformeerde Kerk alleen die Psalms?": ons moet die Skrif sing, waarin die Psalms sentraal staan. In hul boekie vermeld hul dan ook dat hul standpunt is volgens 'sinode bepaling, p.92): "alleen zullen gezongen worden de 150 Psalmen en de gezongen waarvan de tekst in Gods Woord staat uitgedrukt .."

Implikasie: Ek stem saam met ds. HJ Venter se aanklag oor die moontlikheid van die misleiding van die titel, en dat dit misverstand kan veroorsaak. Totius en Cachet het daarmee bedoel 'Skrifliedere' of 'kanonliedere', dus, Gesange uitgesluit. 'n Beter titel sou gewees het: "Waarom sing die Gereformeerde Kerke alleen die Skrif?", of "Waarom sing die Gereformeerde Kerke omtrent net die Psalms?", of "Waarom die GK 'n voorkeur het om Psalms alleen te sing?", ens.

## **2. Die vroeë kerk**

Vroeër in Totius se skrywe oor die kerklied (bl.357ev), wys hy daarop dat daar nog altyd verdeeldheid was of die 'oudste Christelike kerk' naas die Psalms ook 'Christelike liedere' (SB en Gesange) gesing het. In die Oosterse kerk is tot en met die Konsilie van Laodicea (omtrent 360 nC) Psalms gesing en enkele Skriftuurlike lofsange (SB). Daarna het die gesange ingekom. Wat die Westerse kerk betref, vind ons dieselfde, maar eers by die vierde konsilie van Toledo (633 nC) word gesange toegelaat.

Let wel: daar was deur hierdie eeue aandrang op sing van gesange, en is gesange gesing by verskillende nie-kerklike geleenthede, maar eers by bogenoemde datums het dit amptelik ingaan gevind in die oosterse en westerse kerke volgens besluite, aldus Totius. Dit was veral die ketters en sektes wat gesange wou invoer, en later het ortodokse gelowiges wel ook van gesange gebruik gemaak om die dwaling teen te gaan.

Totius skryf: "Ons resultaat ten opsigte van die oudste Christelike kerk is dus baie belangrik. Dit blyk dat gesing is (1) die Psalms (2) die doksologieë ('amen', 'engelesang by Christus se geboorte', Jes.6:3, ens. - SLC)) (3) ander Skriftuurlike lofgesange (SB)."

Volgens Totius was daar geen genoegsame bewyse dat die 'vrye kerklied' (G) in die oudste kerk gebruik is nie, dat sektes hierdie liedere wou inbring, en dat dit eers by Toledo (633) was dat die rug gebreek is om gesange in te bring. (bl.363)

Die gevolge vir die kerklied, tot en met die Reformasie was as volg:

"Al gou is in die Breviarium (kerkboek van die Roomse Kerk) al meer en meer 'menslike liedere' opgeneem, en die aantal Psalms en kerkliedere, wat Skriftuurlike liedere was, het hoe

langer hoe kleiner geword. Die skat van die Psalms het vir die volk verlore gegaan. Die mense het dit nie meer geken nie. En wel was daar skone kerkliedere. . . . maar al hierdie sange kon die gemis van die Psalms nie vergoed nie. Ook moes die baie volksliedere van godsdienstige aard wat by prosesies ens. gesing is, ver en ver by die Psalms agterstaan, en selfs is hierdie liedere nie in die erediens opgeneem nie.” (364,365).

Implikasie: daar is sekerheid dat in die kerk Psalms gesing is by voorkeur, en enkele SB as uitsonderings in die eerste eeu gesing is tot en met 4de eeu (ooste) en 7de eeu (weste). Daarna het die Gesange eersgenoemdes begin verdring.

### 3. Die Reformasie

Luther se Gesange-standpunt is welbekend, Zwingli wou nie laat sing nie, alhoewel hy van al die reformatore die meeste musikaal was. Hy het selfs die orrel laat verwyder (dalk mnr. RBE homself?), maar sy standpunt was veral gemik teen die 'Roomse geraas' en misbruik van die sang. Calvyn weet ons was veral die een wat die Psalmssang herstel het en 'n sentrale plek in die geref kerke gegee het. Calvyn se beginsel was as volg:

"Calvyn het die vrye kerklied nie uitdruklik veroordeel nie, maar sy standpunt was ander as die van Luther. Hy sê dat ons Gode waardig sing as ons die woorde van God self ontvang. Nadat hy dan ook orals gesoek het, so verklaar hy verder, het hy geen beter of geskikter liedere gevind as die Psalms van Dawid nie; want die Heilige Gees self het dit hom gegee." (365,366)

In die allereerste Psalmboek van Calvyn (1539) vind ons al 'n paar Skrifberymings (die bekende 5 van art.69), en selfs 'n 'Gesang', nl. die Twaalf Artikels.

Implikasie: Calvyn meen ons moet sing wat die waardigste is, en dit is wat ons van 'God self ontvang', d.w.s. die kanon. Binne die kanon is die beste en mees geskikste liedere, die Psalms. As Calvyn wel die RBE leer, maak hy dit nie so sterk van toepassing op die lied as element in die erediens nie.

Ek is nie 'n kenner op Calvyn nie, maar in al sy geskrifte wat ek al studeer het, vind ek wel:

a. die regulerende beginsel, dat ons God moet dien soos Hy beveel en nie op eie goeiddunke nie, hy skryf:

“Ek weet hoe moeilik dit is om die wêreld te oortuig dat God alle maniere om Hom te vereer **wat nie uitdruklik in sy Woord goedgekeur word nie**, afkeur. Die teenoorgestelde oortuiging kleef hulle aan –asof dit in hulle murg en bene vassit – dat wat hulle ookal doen vanself aanvaarbaar is, solank dit maar ‘n soort ywer vir die eer van God vertoon. Maar aangesien God dit wat ons doen uit ywer om Hom te vereer, *maar wat verskil van sy bevel*, nie net as waardeloos beskou nie, maar dit eenvoudig verafsku ... waarom dit dan doen? Die woorde van God is *duidelik en seker*: ‘om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer’, en ‘tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooe van mense is (1 Sam.15:22; Matt.15:9). Elke byvoeging tot Sy Woord, is ‘n leuen. Blote ‘eiesinnige godsdienst’ (*ethelothreskeia*) is nietigheid.’ “ (*Tracts relating to the Reformation by John Calvin*,

translated by Henry Beveridge, vol.I (Edinburgh: T&T Clark)p.118. Sien ook sy kommentaar op Lev.10:1; 22:32; Num.15:39; Deut.4:1; 12:32; 2 Sam.6:6-12; Is.29:14; Jer.7:21-24; 7:31; 19:4,5; 26:2; Matt.15:1,9; Kol.2:22,23. Sien sy *Institusies*: I.XII.1; I.XII.3; II.VII.5; II.VIII.17; IV.X.1,8-11,16-18,23,24,26.)

maar:

b. ek vind nêrens dat hy dit spesifiek van toepassing maak op die kerklied nie (ek kon dit gemis het, so ek is oop vir korreksie). Hier wil ek byvoeg 'n aanhaling van 'n gerespekteerde westminster calvinus, dr. Carl Bogue (ook 'n voorstander van die RBE), so paar dae gelede geskryf het, waar daar ook 'n gesprek was oor die regulerende beginsel van die erediens:

"David: I think your point is very well taken and leaves many exposed. However, I think you have missed how true RPW people who are non-EP (exclusive psalmody - SLC) would put it. They would say we are commanded to sing praise to God, be it inspired words of Scripture or praise composed by uninspired authors. But your point stays that many haven't even thought about it. They just like "hymns" or have always done it, etc."

Dus, sommiges wat ook die RBE handhaaf, meen die bevel om te sing is duidelik. Daar is egter minder duidelikheid oor die inhoud van die sang.

#### 4. Ursinus

Ek het weereens Ursinus se verklaring van So.35 bestudeer, en daar blyk dit vir my baie duidelik dat die RBE (reg verstaan) wel inhoudelik gevind word, nie by name nie, maar wat die saak betref, net om een voorbeeld te noem:

"Daarom word alle godsdienste wat nie deur God self ingestel is nie, maar **deur mense uitgedink is**, deur hierdie grofste soort met name verbied, en word ons ook teweens 'n reël gegee, dat ons ons heilig en eerbiedig moet hou binne die perke, wat ons deur God voorgestel is, ja dat ons nie die minste moet af- of toedoen van en aan die diens, wat deur God ingestel is nie; soos ons ook op andere plekke **in die Skrif orals beveel word**, soos onder andere in:

- Deut. 4 : 4 en 12 : 32: "Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die geboorte van die Here julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.”;

- Spr. 30 : 6: "Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as 'n leuenaar openbaar word nie.”

Ek meen ons kan die RBE nie ontken nie: om God te dien volgens sy bevel, en nie volgens eie goeie dinge nie. As 'n mens egter sien watter voorbeelde Ursinus gebruik om te verduidelik watter oortredinge begaan word by die tweede gebod, is die inhoud van die sang,

nie een van daardie voorbeelde nie. Ursinus veroordeel nêrens eksplisiet bv. SB of Gesange nie. Dit kan wel enige van 2 sake beteken:

- a. die inhoud van die sang val nie onder hierdie gebod vir hom nie, of
- b. daar was in sy kerklike situasie nie 'n kerklike stryd oor die lied nie

Implikasie: feit is egter, hy veroordeel nie eksplisiet by name bv. SB of Gesange nie. Of hy vir of teen SB/Gesange was, weet ek dus nie, dalk kan iemand anders meer daarvoor sê ?

## 5. Nederland

Die vroegste Psalmbundels (1543ev: van Nyevelt; Utenhove, Datheen, Marnix) het almal reeds SB bevat. In 1578 met die Sinode van Dordt is die volgende beginsel van die kerksang neergelê wat alles sou bepaal wat volg (bl.366,367):

"Daar is besluit dat die Psalms van Dawid, deur Petrus Datheen oorgesit (berym), in die Christelike samekomste van die Nederlandse kerk gesing moet word, soos tot hiertoe gedoen is, en dat moet nagelaat word die gesange wat nie in die Heilige Skrif gevind word nie (Cap. IV, art. 24). Wat die ou vaders gedwing het om so te besluit, blyk die beste uit hierdie woorde van Marnix van St. Aldegonde, 'n man wat self 'n Psalmberyming uitgegee het, een wat beter was as die van Datheen, maar wat weens Datheen se populariteit in die Gereformeerde kerke nie ingevoer is nie. Marnix sê:

"Ons ag dit baie sekerder en gepaster, en sou ook van harte wens dat in die gemeente van God niks ingevoer of gesing word nie as wat aan die heilige geloofwaardige Skrifte van die Ou en Nuwe Testament self ontleen is, sodat aan ons nakomelinge geen stof of oorsaak gegee sal word om elkeen na sy eie sin Gebede en Lofsange te dig wat hulle in die gemeente van God volgens die onbesonne eiedunklikheid van mense sou wil invoer nie, aangesien die ervaring uit die verlede tye ons meer as genoegsaam geleer het hoe gevaarlik dit is om in die gemeente van God iets in te voer wat nie eintlik op die heilige en alleen geloofwaardige Skrifte van die Ou en Nuwe Testament ge grond is nie."

Implikasie: In lyn met die vroeë kerk en Calvyn, besluit die gereformeerde kerke in Nederland dat alleen die Skrif (Ps en SB) gesing moet word. Die redes daarvoor is:

- a. dit bring sekerheid
- b. is die meeste gepas (beste)
- c. die gevaar van Gesange wat kan lei tot eiewilligheid

Daar moet egter ook vermeld word dat die sinodes wat gevolg het, nie altyd konsekwentheid was nie, en dat daar bv hier en daar wel Gesange toegelaat is aan die vryheid van die kerke.

Duidelik vermeld Totius ook dat orals waar gesange ingekom het, dit wel tye was van 'geestelike insinking en godsdienstige verslapping' (368), en het die NH Kerk van Nederland die 'Evangeliese Gesange' in 1805 ingevoer.

Samevattend stel Totius dit as volg (beklemtonings bygevoeg terwille van ons debat):

"Die sinodale deputate in Nederland (Leeuwarden, iewers in die 1920's - SLC) kom dan uiteindelik tot hierdie slotsom: 'n **Prinsipiële** uitspraak dat in die kerk **alleen** die Psalms mag gesing word, het die Gereformeerde Kerke in Nederland, soos Voetius (*Politica ecclesiasticae*, I, p.527) opmerk, nêrens gedoen nie. As ons ou Gereformeerde sinodes in die 16de en 17de eeu vir die erediens alleen die Psalms voorskrywe, maar alle liedere afkeur **wat nie aan die Skrif ontleen is nie**, dan gebeur dit meer uit vrees vir die **misbruik** wat van die vrye kerk lied gemaak is, as om 'n beginsel te stel dat in die kerk alleen Psalms of Skriftuurlike lofsange gesing mag word.

Die deputate wys dan op wat Voetius o.m. in hierdie verband gesê het, nl. dat die sinodes voormeld naas die Psalms „enige gesange” toegelaat het, nie alleen Skriftuurlike lofsange nie soos die lofsang van Maria, Sagarias en Simeon maar ook die beryming van die Wet, die Onse Vader en die Apostoliese Geloof, terwyl selfs die bedesang voor die predikasie (o God die onze Vader bist) aan die vryheid van die kerke oorgelaat is. Nog die Tien Gebooe nog die Onse Vader, sê Voetius, is „Skriftuurlike lofsange”, al is hulle aan die Skrif ontleen. Van die beryming van die 12 Geloofsartikels kan dit selfs nie gesê word nie. En nog veel minder geld dit van die bedesang voor die predikasie, wat niks anders as 'n „vrye lied” is nie.

Voetius het dan ook die standpunt ingeneem dat die sing van gesange behoort tot die „middelmatige dinge”, waarvan die gebruik aan die Christelike vryheid oorgelaat moet word.

Voetius het darem heel versigtig daarby gevoeg dat die gemeentes moet sorg dat hierdie vryheid nie tot losbandigheid ontaard nie en dat dus gesorg moet word dat geen liedere ingang vind wat iets behels wat teen die belydenis ingaan of gevaarlik is of ergernis gee of nie ooreenstem met die erns en die wyding van die kerklike samekoms nie.

By die waarskuwing van Voetius voeg die sinodale deputate in Nederland nog die volgende belangrike opmerkinge. Al is die sing van gesange nie geoorloof geag deur die Gereformeerde kerke nie, tog is daar, sê die deputate, nadruk op gelê: (1) dat God net een Psalmbundel in die Heilige Skrif aan ons gegee het, en dat hierdie Psalmbundel nie net vir Israel nie maar ook vir die gemeente van die Nuwe Verbond bestemd was (**want in die Nuwe Testament ontbreek so 'n gesang- en Psalmbundel, 'n feit wat nie sonder betekenis is nie**); (2) dat die Psalms in geestelike diepte die gesange ver oortref; (3) dat in die Psalms die blywende, ewige grondtoon van die vrome geroed weerklink en in die Psalmgesang die band met die kerk van alle eeue uitkom, terwyl die gesange meer 'n tydelike karakter dra; (4) dat die invoering van gesange byna orals ten gevolg gehad het dat die Psalm bundel daardeur verdring is, sodat die werk van mense gestel is bo die werk van God." (p.369/70)

Implikasie: Die gereformeerde kerke van Nederland het gekies vir die Psalms as voorkeur met enkele SB daarby. Inkonsekwent is 'n paar Gesange ook elke keer bygesleep, wat die deur heeldyd oopgehou het vir die Gesange om later te volg. Die redes vir nie-Gesange lê egter op 'n praktiese vlak: Skrifliedere is beste, veiligste, Gesange sal Ps verdring, daar is gevaar vir dwaling wat deur gesange kan inkom, ens.

Verder moet hier ook gelet word dat die 'gegeewenheid' en 'uniekheid' van die Psalmboek in ons Bybel 'n belangrike argument is vir die voorkeur vir Psalms, soos die deputate hierbo vermeld het, en Totius blykbaar met instemming aanhaal. Dit moet in ag geneem word as ons besin oor die lied: "want in die Nuwe Testament ontbreek so 'n gesang- en Psalmbundel, 'n feit wat nie sonder betekenis is nie"

Om deel 1 van my skrywe saam te vat, hier is moontlike implikasies vir ons verdere gesprekke uit die geskiedenis van die liederedebat tot dusver:

1. Ons gereformeerde kerke via Calvyn en Nederland, in navolging van die oudste en vroegste kerk, was nog altyd 'n Skrifsingende kerk. Binne die Skrif is die *voorkeur* soms eksklusief net aan die Psalms gegee. In hierdie sin kan ons bekend staan as 'n "Psalmsingende kerk".
2. Van die begin af, die vroeë kerk, die Reformasie, en in Nederland, was daar egter reeds enkele Skrifberyminge gesing, nie omdat die staat dit vereis het, of noodwendig a.g.v. druk van buite nie, maar omdat dit as beginsel reeds aanvaar is deur die eeue.
3. Die feit dat daar hier en daar ook 'n Gesang vedra is, o.a. die Twaalf Artikels en 'n paar duitse en ander gesange, beteken dat die reformasie van die kerklied in die kontinentale tradisie, nie so sterk geloop het as bv. in die westminster tradisie met veral die Puriteine en Skotse Covenanters nie.
4. Dit blyk dat, volgens Totius, daar definitief nie *prinsipiële* besware enigsins kan wees teen die sing van SB nie, en dat selfs Gesange in prinsipe veroordeel kan word nie, maar wel afgewys kan word vir redes soos: om die Skrif te sing is die veiligste en die beste, Gesange bring die gevaar in van dwalinge, om die Gesange te maak gaan met minder sekerheid om as om Skrifliedere (beide Ps en SB) te berym, dit kan die eenheid versteur, ens.

Ek poog om volgende keer meer te skryf oor 'n paar vermeldings wat Totius maak oor waarom Gesange/vrye kerklied nie aanvaar behoort te word nie, en daarna oor die uitbreiding van die Skrifberymings kwessie opsigself, wat veral van die 1930's in die GKSA sy verskyning gemaak het.



## Die kerklied (2) – Totius oor die vrye kerklied (Gesange)

Ek het deel 1 van my reeks ge-eindig met die volgende:

Om saam te vat, moontlike implikasies vir ons verdere gesprekke uit die geskiedenis van die liederedebat tot dusver:

1. Ons gereformeerde kerke via Calvyn en Nederland was nog altyd 'n Skrifsingende kerk. Binne die Skrif is die *voorkeur* soms eksklusief net aan die Psalms gegee. In hierdie sin kan ons bekend staan as 'n "Psalmsingende kerk".
2. Van die begin af, die vroeë kerk, die Reformasie, en in Nederland, was daar egter reeds enkele Skriberyminge gesing, nie omdat die staat dit vereis het, of noodwendig a.g.v. druk van buite nie, maar omdat dit as beginsel reeds aanvaar is deur die eeue.
3. Die feit dat daar hier en daar ook 'n Gesang verdra is, o.a. die Twaalf Artikels en 'n paar Duitse en ander gesange, beteken dat die reformasie van die kerklied in die kontinentale tradisie, nie so sterk geloop het as bv. in die Westminster tradisie met veral die Puriteine en Skotse Covenanters nie.
4. Dit blyk dat, volgens Totius, daar definitief nie prinsipiële besware enigsins kan wees teen die sing van SB nie, en dat selfs Gesange in prinsipe veroordeel kan word nie, maar wel afgewys kan word vir redes soos: om die Skrif te sing is die veiligste en die beste, Gesange bring die gevaar in van dwalinge, om die Gesange te maak gaan met minder sekerheid om as om Skrifliedere (beide Ps en SB) te berym, dit kan die eenheid versteur, ens.

Ek wil nou verder gaan met Totius se uiteensetting, en spesifiek waarom hy meen ons nie die Gesange (vrye kerklied) moet sing nie (*Versamelde Werke*, 1977 uitgawe, deel 3, bl.370-389). Sien ook die boekie wat hyself geskryf het saam met prof. Jan Lion Cachet: "Waarom sing die GK alleen die Psalms?" (verkrygbaar aanlyn by die esra instituut webtuiste). Nota: alle beklemtonings in die aanhalings is bygevoeg ter wille van die opmerkings by 'Implikasies'.

### Totius en die vrye kerklied

Totius weerlê die volgende vier argumente van die vrye lied voorstanders:

*a. Tekste soos 1 Kor.14:26; Ef.5:19; Kol.3:16 laat die vrye lied toe*

Antwoord: "Hier is dus van 'n gewone kerklied geen sprake nie. Al wat hieruit (1 Kor.14:26) afgelei kan word, is dat daar in die eerste gemeentes gesing is. Zwingli se gevoel dat daar in die gemeente samekomste nie gesing moes word nie, was dus nie ooreenkomstig die Skrif nie. ... Voor die hand lê dit dus om ook hier (Ef.5:19) te dink aan die geïmproviseerde lied, d.w.s 'n lied wat sonder voorbereiding, onder regstreekse drywing van die Heilige Gees

uitgespreek word. Geld dit van 1 Kor.14:26 en Ef.5:18, dan moet ons wel by die parallelle plek, Kol.3:16, tot dieselfde gevolgtrekking kom." (371)

En dan kom Totius tot die konklusie:

"As ons dus al hierdie en ander gegewens oorweeg, dan moet ons tot die slotsom geraak dat die Nuwe Testament wel **geen gebod bevat dat ons alleen die Psalms van Dawid in die erediens moet sing met uitsluiting van die kerklied nie maar dat aan die ander kant die Nuwe Testament ook geen voorbeeld gee nie van 'n 'vrye kerklied' wat in die eerste kerk gesing is.** Met ander woorde die beroep op die Heilige Skrif ten gunste van die vrye kerklied gaan nie op nie. Die sinodale deputate in Nederland (voorstanders van die invoering van 'n regsinnige vrye kerklied) het dan ook tot hierdie gevolgtrekking gekom: 'Dat nog van 'n uitdruklike gebod om die vrye lied in die erediens in te voer, nog van 'n verbod om dit te doen in die Heilige Skrif sprake is.'" (372)

Implikasie: Dit lyk vir my dat bogenoemde eksegetiese asook dié van die Statebybel se verklarende notas (spesifiek by Ef.5:19) die korrekte weg is, en dat Gesange voorstanders hul nie op hierdie teksgedeeltes kan beroep om die vrye lied in te bring nie.

*b. Die vrye lied kan toegelaat word, want "nie alles wat in die erediens plek verower het, (word) letterlik en regstreeks aan die Heilige Skrif ontleen nie"*

Die argument hier is dat omdat ons 'vrye' gebede en 'vrye' prediking het, waarom nie ook 'n 'vrye' kerklied nie ?

Totius se antwoord van die belangrikheid om te 'onderskei' is as volg:

"Soms word ook sonder nadere kwalifikasie gespreek van die gebede en die prediking. Ons moet egter duidelik **onderskei**, (dan) sal ons redeneringe nie tot spraakverwarring lei nie. Allereers dan die vrye gebede. Gewoonlik word die gestel teenoor die formuliergebede, wat nie vry is nie maar deur die kerk self geformuleer en gekontroleer is. In hierdie sin verstaan, gaan die vergelyking met die vrye lied nie op nie. Die vrye lied, soos dit nou in die kerk bekend is, is 'n lied waarvan die presiese formulering vasstaan. Elke woord, elke sillabe het sy plek. Die wat dit sing, sing dit uit 'n boek. Die presiese woorde word dan ook gebruik wat daar staan; en soos dit daar staan, word dit in die geheue ingeprent.

Die vrye gebed egter wat die liturg (by ons die dienaar van die Woord) uitspreek, besit die gemeente nie in druk of op skrif nie. Die liturg het wel vooraf gemediteer en soms selfs enkele aantekeninge gemaak; maar verder spreek hy sy gebed uit na die ingewing van die oomblik. Is dit verby, dan leef die gebed nog wel ná in die herinnering, maar die woorde self het vervlieg. En selfs die liturg sal nie in staat wees om enkele dae later woordeliks te herhaal wat by gebid het nie.

Moet daar 'n vergelyking gemaak word, dan sou ons veeleer geneig wees om naas die vrye gebed te stel die vry uitgesproke lied wat, soos ons die vorige keer gesien het, in die eerste Christelike kerk onder die algemene naam glossolalie (spreek met tale) bekend was. Ook die

vry uitgesproke of uitgesonge lied het alleen by wyse van vrye voordrag bestaan. Was dit uitgespreek of uitgesing, dan het die heugenis daarvan gou verlore gegaan.

En dit is nou die punt waar dit hier op aankom, nl. die oombliklikheid.

Gestel dat daar in die vrye gebed iets verkeerds voorkom, dat daar „kwalik” gebed is, dan hoef dit die gemeente nie blywend skade te berokken nie. ‘n Kerkraads- of gemeentelid wat dit opgemerk het, kan die liturg daarop attent maak. Is die aanmerking ter sake, dan kon uitdrukkinge soos die gewraakte nagelaat word sonder dat die gemeente verder skade ly. In baie gevalle sal ‘n verkeerde gebedswending deur die meeste hoorders nie eens opgemerk word nie.

Gans anders staan dit met die kerklied. Dit word gedruk, gesing, herhaaldelik gesing, op katkisasie geleer, in die geheue geprent. Menigeen kan dan ook geen tekste uit die Bybel leer nie, haal dikwels die Skrif gebrekkig aan, maar ‘n versie wat gesing word, ken hy onberispelik — daarmee sal hy nooit ‘n fout maak nie. Selfs in oomblikke van krankheid of wanneer die bewussyn nie helder is nie, kom die versie uit die gemoed vanself opwel soos water uit ‘n fontein.

Dit spreek dus vanself dat wat so diep ingedrink word en so spontaan uit die gemoed opkom, soveel as maar kan, konform die Woord van God moet wees. Die vers van ‘n kerklied word deur die gedurige herhaling wesens-een met die gelowige, druk op hom ‘n stempel wat blywend van aard is. Daarom ag ons dit van die uiterste belang om versekerd te wees dat die stempel die regte sal wees. **Daarom stel ons dan ook ‘n kerklied en ‘n kerkgebed wat vry voorgedra is, nie op een lyn nie. ...** By hierdie argument kom net die vraag ter sprake of die kerk die digters besit om sulke kerkliedere te dig en of sulke kerkliedere dieselfde **waarborg van veiligheid** bied as die wat regstreeks aan die Skrif ontleen is." (374)

Implikasie: Of 'n mens nou vir of teen die RBE is, vanuit die RBE werk, of bloot vanuit die "gebied-verbied" beginsel, daar moet duidelik 'onderskei' word, soos Totius hierbo aandui, ons kan nie alles in die erediens op slegs 'een lyn' plaas nie. Verder, wys Totius dat die Skriflied teenoor die vrye kerklied verkies word, omdat die laaste nie die 'waarborg van veiligheid' het wat eersgenoemde het nie. My vraag sou dan wees aan my broeders wat die vrye lied wil invoer vandag: watter sekerheid is daar dat ons vandag wel daardie veiligheid kan waarborg ?

*c. Derde argument: as ons die bybelse Psalms berym is dit reeds mensewerk, soos die vrye lied, en sing ons nie eintlik meer wat 'onmiddellik deur die Heilige Gees ingegee' is nie.*

Totius antwoord:

"In allerhande vorm word hierdie argument herhaal. Kortliks kom dit hierop neer dat vrye liedere en Psalmberyminge feitlik op een lyn staan — albei mensewerk. Word dus die een toegelaat (Psalmberyminge), dan die ander ook (vrye liedere).

Nou is dit noodsaaklik om hier goed **te onderskei**, anders kom ons met ons redeneringe niks verder nie. ... Op sigself beskou, het ons geen beswaar teen die argument van Voetius soos dit

daar staan nie. Ons neem aan dat 'n Psalmberyming en 'n vrye kerklied **prinsipiël** op een lyn lê. Albei moet deur mense arbeid tot stand kom. Maar wat by ons so swaar weeg, en ten slotte in hierdie saak die beslissing gee, is **die meerdere veiligheid en die praktiese uitvoerbaarheid wat die Psalmberyming of uit die Skrifberymde lied ons bo ander kerkgesange bied**. In hierdie twee opsigte moet daar wel terdeë **onderskei** word tussen 'n Psalmberyming en 'n vrye lied. Dit hoop ons om nou verder duidelik te maak.

Suiwer teoreties geredeneer, sou dit seker **die veiligste gewees het om die Psalms te sing net soos hulle in die Bybel staan**. So word dit in sommige Engelse kerke gedoen; en ook die Apostoliese Broeders in Suid-Afrika het 'n Psalmboek laat druk waarvan die inhoud letterlik aan die Skrif ontleen is. Ons is egter nie van plan om 'n dergelyke musikale bewerking van die Psalms vir kerkgebruik te bepleit nie. Om die volgende redes:

(i) Die kerklied moet lied bly, d.w.s. ritme en rym moet daarby nie ontbreek nie. Nou weet ons wel dat 'n lied ook ritme en rym kan ontbeer. Bewyse hiervoor kan elke letterkunde lewer. Maar, hoeseer ook bepleit en beoefen, die lied sonder ritme of rym sal altyd uitsondering bly. Daarby moet rekening gehou word met die feit dat die kerklied nie bestemd is vir letterkundiges en kunstenaars nie maar allereers vir die gewone gemeentelede, wat in baie gevalle geen tyd of gekentheid het vir die beoefening van letterkunde, in watter vorm ook, of vir die aankweking van 'n letterkundige smaak nie.

(2) Ook in hierdie opsig is ons nie heeltemal vry in ons keuse nie. Ons het 'n Gereformeerde tradisie waarmee rekening gehou moet word. Van huis uit het Gereformeerdes gekies vir die beryming van Psalms teenoor die letterlike oorname daarvan uit die Skrif, wanneer dit geld die liturgiese aanwending daarvan vir die kerkgesang. Reeds Calvyn het Psalms berym. Beza het hom hierin gevolg. En van die beryming van die Franse digter Marot is deur hulle ruimskoots gebruik gemaak. In Holland was dit nie ander nie. Vanaf die Souterliedekens van Van Nyeveldt was dit gewoonte om vir die erediens Psalmberyming aan te wend. Om hierin verandering aan te bring sal nie maklik gaan nie. En dan moet ons ook oppas dat die betere nie miskien die vyand van die goeie word nie

(3) 'n Berymde Psalm is vir die kategetiese gebruik meer dienstig as 'n onberymde. Dit word makliker uit die hoof geleer en onthou. Dat 'n Psalmvers so geredelik opgeneem word, terwyl 'n Bybelteks so gou uit die herinnering verdwyn, is vir 'n deel daarvan te danke dat die berymde Psalmvers vloei en daarom as vanself in ons sielsbeweeg inskuiwe.

In hierdie verband moet daarop gewys word dat die Hebreuse Psalm vir die Hebreër **inderdaad 'n lied was**, ook wat die vorm betref. In ons Hollandse en ander Bybelvertalings blyk dit nie. Maar die Jood wat die Ou Testament in sy eie taal lees, merk dadelik aan alles dat hy met 'n lied en nie met 'n prosastuk te doen het nie. **Sal die Psalm dus vir ons 'n kerklied wees, dan moet alle uitwendige middels aangewend word om ook in hierdie opsig te kan navoel wat die Psalm digter deurleef het**. Om hierdie redes kies ons vir die berymde en nie vir die onberymde Psalm nie." (376ev)

Implikasie: Totius wys weer op die 'noodsaaklikheid' om noukeurig te onderskei as ons gesels oor die liederedebat en alles wat daarmee saamgaan. Ek herhaal maar hierdie punt, net om te wys dat dit nie net met die RBE gaan oor nougesette, detail onderskeiding en argumente nie, maar dat ook ons van die DFE tradisie, dit doen, en inderdaad moet doen, soos blyk uit Totius se antwoord.

Hy erken dat die *beryming* van Psalms (let wel: nie die Psalms/Teks self nie), wel 'mensewerk' is. Maar, dit is belangrik om te sê: by die vrye lied is die beryming én die 'teks' mensewerk. Totius skryf daarvoor as volg:

"Ons stem toe dat die lied uit die Skrif berym en die vrye kerklied prinsipiëel nie onderskeie is nie; dat daar altans strenge ooreenkoms is in hierdie opsig dat albei mensewerk is; die een so min as die ander het, soos dit daar lê, tot stand gekom deur onmiddellike inspirasie. Maar waar ons dit toegee, kan nie ontken word nie dat daar verder tussen die twee 'n baie belangrike **onderskeid** is. Albei is te danke aan die tussenkoms van die menslike faktor, maar hoe graadverskillend tree die menslike faktor by die één en by die ander op ! ... Ten eerste dien daarop gelet te word dat by die beryming van 'n Psalm, of ander Skrifgedeelte, die inhoud van die lied **alreeds** aanwesig is; terwyl die digter van die vrye kerklied die inhoud uit **homself** moet ophaal. Al lê daar Skrifgedagtes ten grondslag aan die vrye kerklied, die Skrif is slegs onregstreeks, en nie regstreeks nie, die bron waaruit geput word. By die vrye kerklied tree die digter se persoonlikheid sterk op die voorgrond — iets wat by die Psalmberyming nie in dieselfde mate die geval is nie. By die beryming van die Skrif is daar **'meerdere veiligheid' en 'praktiese uitvoerbaarheid'**, as by die vrye kerklied." (379)

Totius verwys dan seker na die Puriteine en Skotse Covenanters in die westminster tradisie wat die Psalms *netso* sing, en erken dit is die 'veiligste'. Die rede waarom ons dit nie doen nie, is omdat die lied-aspek, die musikale aspek verlore gaan as ons dit so gaan doen. Hier blyk dit dus, dat ongeag die feit dat Totius beide die Teks en die musiek wou bewaar, dat laasgenoemde in vele plekke tog die oorhand gekry het oor eersgenoemde.

Die kritici van Totius op hierdie punt, en dalk die kritiek teen die beryming/omdigting oor die algemeen in ons westerse musiek tradisie, het moontlik hier 'n geldige punt beet. Niemand (of amper niemand nie!) betwyfel die goeie bedoelings van Totius en die pragwerk wat hy vir ons gelewer het nie, maar as 'n mens na klomp van sy berymings kyk, dan word baie woorde of weggelaat of toegevoeg ter wille van die rym/musiek. Die Godname bly ook in die slag in sekere Psalms. Hopelik sal die Here iemand gawes gee om vir ons die Afrikaanse Psalms 'netso' oor te sit vir sang, sodat die Teks sentraal staan (is dit nie dalk ook die bedoeling van NGB art.7 nie, nie weglaat of byvoeg nie?) Dit, en nie 'n beryming of omdigting nie, blyk dan die meer 'veiligste en beste' weg te wees.

*4. Die vierde argument wat die vrye lied voorstanders gebruik, is juis die 'inkonsekwentheid' van die sinodes in Nederland, nl. dat by vele sinodes die bundels 'Enige Gesange', ook vrye kerkliedere bevat het, behalwe die gewone lys SB. So, die beginsel is reeds deurbreek, waarom nie nog gesange byvoeg nie ?*

Ek haal Totius maar lank aan, sodat u deeglik sy antwoord kan verstaan, en omdat dit 'n samevatting gee oor hoe hy meen ons die kwessie oor die lied moet beoordeel:

"Daarmee, meen hulle, is die beginsel goedgekeur en kan net verder voortgebou word. Hieroor nou 'n paar woorde.

Van die More- en Aandsang kan ons hier dadelik afstap. Dit is liedere wat later (na 1619) deur boekdrukkers in ons kerkboek opge neem is. Daarvoor is geen sinode aanspreeklik nie.

Vervolgens is daar die beryming van die 12 Artikels van die Geloof, waarvan natuurlik erken moet word **dat dit geen beryming is van 'n gedeelte uit die Skrif nie**. Tog kan 'n mens dit moeilik bestempel as 'n vrye lied in die gewone sin van die woord. Die berymer spreek hier nie die taal van sy eie gernoed nie maar die taal van die kerk van alle eeue. Dat vir so 'n lied 'n uitsondering gemaak word, sal ons almal wil billik. Wanneer ons maar te doen het met 'n getroue weergawe van die 12 Artikels in digmaat, hoef ons geen kettery of verflouing van ons belydenis te vrees nie.

In die geval van die beryming van die Onse Vader het ons wel voor ons die beryming van 'n gedeelte uit die Skrif, maar die uitbreiding van die kort Bedes is aan die hand van wat ons Kategismus daarom trent leer. Ons het dus sowel die taal van die Skrif as van die kerk wat in rym gebring is.

Die enigste lied wat feitlik as vrye kerklied in aanmerking kom, is die „Bedeang voor de predikatie”, wat begin met die woorde: „O God die onze Vader zijt”. Daaromtrent het die Dordtse Sinode be sluit dat dit „in die vryheid van die kerke gestel word om dit te ge bruik of nate laat”.

Nou is dit duidelik dat die Sinode van Dordt so 'n besluit nie kon geneem het **as die Dordtse vaders gemeen het dat dit ongeoorloof is om 'n vrye lied in die kerk te sing nie**. Maar dit was nie hulle opvatting nie, soos ons al tevore gesien het. Hulle kón dus besluit soos hulle gedoen het.

**Opmerklik is dit egter dat die besluit geneem is meer uit toelating as uit bevel**. Ander geskikte kerksange het die Dordtse Sinode blykbaar nie geken nie. Daarom moes, volgens art. 69, D.K.O., alle „ander gesange” uit die kerk „geweer” word. Selfs die „Bedeang voor die predikatie” is teenswoordig nie alte populêr nie. In die Gereformeerde gemeentes in Suid—Afrika word dit so goed as nooit aan gehef nie. By hierdie stand van sake kan ons dus net tot die besluit kom dat deur die Gereformeerde Kerke **in beginsel geen beswaar gemaak is teen 'n regsinnige vrye kerklied** nie. Van 'n ontwikkeling en uitbreiding van die vrye kerklied kon daar by ons egter geen sprake wees nie. ... Intussen kan ons hier in Suid-Afrika nie stilsit nie. Op ons laaste Sinode het die gesangekwessie duidelik na vore getree, en op die volgende Sinode sal dit ongetwyfeld weer ter sprake kom. Daarom het ons gemeen dat dit nodig is om in 'n aantal artikels die vernaamste punte aangaande die kerkgesang ter sprake te bring. Nou moet ons eindig. Maar ons kan dit nie doen sonder om tot 'n bepaalde gevolg trekking te kom nie.

Na ons oordeel kan die hele kwessie nie beter saamgevat en opgelos word nie as met die woorde van wyle prof. D. Postma. Hy het gesê dat by geen kerk veroordeel wat 'n vrye (regsinnige) lied sing nie; maar hy ag dit die veiligste om te bly by liedere waarvan die inhoud regstreeks aan die Skrif ontleen is. Dit is inderdaad 'n stewige standpunt. ...

**Die groot vraag is: Wat moet ons beskou as die veilige weg.**

Wel is daar kerke wat blykbaar op hierdie punt nie erg bekommerd is oor die veilige weg nie. Hulle sing maar wat daar te sing aangebied word. Dit is asof daar geen wolkie aan die lug is of ooit was nie. Ons meen egter dat baie ernstig rekening moet gehou word met die les van die geskiedenis. Vergeet nie dat die eerste Christelike kerk vyf eeue lank met die gesangekwessie besig was nie. Vergeet nie dat alle sektes en kettere van die kerklied gebruik gemaak het om hulle leerstellinge in te voer nie. Vergeet nie dat 'n groot deel van die Gereformeerde kerke al amper eeue lank teegehou het nit vrees dat die vrye kerklied op verkeerde spore sal lei nie.

Is dit alles vergeefse moeite en stryd? 'n Geveg teen skimme, denkbeeldige gevare? 'n Nuttelose kerkrusie, wat daarom net so goed agterweë kon gebly het? Het ons eeu nou meteens so gevorder in die saak van godsdienst dat dit die stryd oor die kerklied kan ontbeer? Nee, die Gereformeerde kerke moet, **getrou aan die beste tradisies van die Christelike kerk, bly vra: Wat is die versigtigste en veiligste weg?**

En dan sal niemand wil ontken dat die veiligste is om die inhoud van ons kerkgesang aan die Skrif self te ontleen nie. Is dit dan ook prakties nie waar die Dordtse besluit op neerkom nie?

Alleen — en dit is die punt waar ons nou nadruk op lê — die veilige weg moet tot die end toe afgehoop word. Ons moenie te gou gaan staan nie. En hier is dit waar die fout gekom het. Die Dordtse Sinode van 1619 het 'n goeie grondslag gelê, wat om sy deuglikheid vandag nog standhoudend blyk. Maar — op die grondslag is nie voortgebou nie.

Om meteens tot die punt te kom — die Sinode het beryminge goedgekeur van die Onse Vader en van die lofsange van Maria, Simeon en Sagarias. Verder het daar van die Nuwe-Testamentiese lied nie veel tereggekome nie. Marnix het ook nog die Engelesang (Luk. 2) berym maar dit dan ook daarby gelaat.

Jammer genoeg. Want gaandeweg het die **behoefte** aan die Nuwe Testamentiese lied sterker gaan word. **Veral op Christelike feesdae** is dit gevoel dat ons kerkboek nog nie kompleet is nie. Ongelukkig het toe liedere ontstaan wat in menige opsig ongewens was. Maar hulle is ingevoer, en dit het 'n onverkwiklike gesangstryd as gevolg gehad. En vandag nog sit die Psalmsingende Gereformeerde kerke met die vraagpunt: Hoe moet ons die kerkgesang aanvul, sodat ook in die kerkgesang die Nuwe-Testamentiese karakter van ons erediens tot openbaring kan kom? Vir ons lyk daar maar een **veilige** oplossing, wat meteen 'n moontlike en praktiese is, naamlik: Bou voort op die Dordtse grondslag; m.a.w. berym soveel stukke uit die Nuwe Testament as maar kan. Brei die bundeltjie „Enige Gesange” uit, sodat ons naas die Psalmbundel in besit kom van sê 'n 20 of 25-tal Nuwe Testamentiese sange wat in die bestaande (en ook gevoelde) behoefte voorsien.

## **Watter beswaar kan hierteen wees as die beryming getrou bly aan Gods Woord en kerklik goedgekeur word? Is dit logies om te sê:**

Ek sing die lofsang van Maria (Luk. 1), maar ek het beswaar om die lofsang van die engele in die hemel te sing (Openb. 5)?

Nie alleen kan daar geen gegronde beswaar wees nie, van Gereformeerde standpunt naamlik; maar ons beweer ook dat die Gereformeerde standpunt eis dat ons ook in hierdie opsig voortgaan. Prof. Postma het dan ook in die algemeen gesprek van die lied waarvan die inhoud regstreeks aan Gods Woord ontleen is. Dat dit moontlik is om naas die lofsange van Maria, Simeori en Sagarias nog ander lofsange en liedere uit die Nuwe Testament te stel, dit is vir ons aan geen twyfel onderhewig nie. Laat ons dan daar toe voortvaar!" (382ev)

(Tot dusver Totius)

### Implikasie:

1. Ek meen Totius trap so bietjie klei met sy beoordeling van die berymde AGB, om die lied so bietjie 'hoër' as ander gesange te wil plaas. Dit is 'n gesang, 'n vrye kerklied, soos ander gesange wie se teks nie regstreeks uit die Skrif kom nie.
2. Volgens Totius veroordeel die DFE tradisie nie die vrye (regsinnige) kerklied vanuit *prinsipiële* redes nie. Ons kan dus nie (vanuit die DFE tradisie) sê dit is 'eiewillige godsdienst', in stryd met die tweede gebod nie. Daardie prinsipiële verwerping sal 'n mens wel sterker kry in die westminster tradisie (en onder enkeles in ons tradisies, soos ds. Hendrik de Cock van die Afskeiding van 1834, asook die ou dopper ouderlinge in die 19de eeu rondom die herstigting van 1859).
- 3.. Volgens Totius moet ons die vrye lied verwerp om *praktiese* wysheids-redes: die Skriflied is die veiligste en die beste, ons moet die lesse van die geskiedenis in ag neem waar dwalinge deur die vrye lied ingekom het, ons moet versigtig wees, ons moet ons tradisie in ag neem, ens.
3. Totius meen dat die behoefte van verdere kerklied, moet aangevul word deur verdere SB, nie vrye kerkliedere nie.
5. Bogenoemde 'onkonsekwentheid' van verskeie sinodes in Nederland, en dan later ons eie sinodes, wys op die noodsaak dat alle kerklike vergaderinge, veral sinodes, besluite moet neem op grond van die Skrif, **prinsipiël**, sodat dit onnodige verwarring by gemeentes en lidmate kan voorkom. 'n Mens neem dalk huidiglik 'n besluit uit goeie bedoelings, uit verdraagsaamheid en in liefde, maar as die besluit nie konsekwent uit die Skrif kom nie, dan wraak daardie onduidelikheid hom in die nageslag. As



Dordt dus besluit het om sekere liedere te verdra "meer uit toelating as uit bevel", dan veroorsaak dit net meer verwarring, en onenigheid. Op laasgenoemde punt is seker waar ons huidige krisis ook lê, by bv. die beoordeling oor SB/G en feesdae.

Of jy nou werk met die RBE: "God beveel nie hierdie dinge nie", of met die GV-beginsel: God gebied dit nie of verbied dit nie, die vraag bly dan, wat doen ons daarmee ?

- RBE sal sê, dan los ons dit eenvoudig uit, ten minste uit die publieke erediens, terwille van almal se gewetens.

- GV sal sê, dan laat ons dit aan die vryheid van elkeen se gewetens toe. Slegs die wat dit wil doen, kan dan daaraan deelneem.

---

### Die kerklied (3) – Totius en die Skrifberymings

(*Versamelde Werke*, 1977 uitgawe, deel 3, bl.425-476).

In hierdie gedeelte gaan dit oor Totius se uiteensetting van die NT lied en/of Skrifberymings

Hy het 'n diktaat uitgee aan sy studente in 1939 (NT lied, p.425-443), en dan onder die titel "Is die uitbreiding van die bundel 'Enige gesange' geoorloof" het hy 'n reeks van 8 artikels in die KB geskryf (2 Mei 1934 - 15 Aug 1934), in antwoord op ds. HJ Venter se kritiek teen die uitbreiding van die SB. Ek beplan om DV, as ek weer in Potch is, ds. Venter se artikels in die hande te kry, om te sien of daar nog iets is wat Totius dalk nie vermeld nie, wat van belang kan wees vir ons gesprek. (Beklemtonings weer bygevoeg).

#### A. Diktaat NT-lied aan studente (p.425-443)

Totius skryf die diktaat in reaksie op lidmate wat besorg is oor die feit dat hy nog SB die kerk wil inbring. Die doel van sy skrywe: "Ek het die oog op die wat **prinsipieel** die Bybelse lied bestry as dit nie juis uit die Psalmboek afkomstig is nie." (425)

[So ou Totius het alreeds vir Bouwe, Freek en myself in oog gehad toe hy hierdie geskryf het ! ;-) ]

Sy standpunt is soos volg:

"My uitgangspunt is die van prof. Hoekstra in die *Christelike Encyclopaedie* (s.v. „Kerklied”): „Teen onberymde of berymde gedeeltes van die Heilige Skrif wat vir die sang in die erediens geskik is, sal **geen beswaar** ingebring kan word nie, selfs nie van die kant van hulle wat in hierdie opsig die mees strenge rigting verteenwoordig nie. Calvyn het byvoorbeeld die Lofsang van Simeon, die Wet van die Here en die Onse Vader laat berym, en die Gereformeerde Kerke in Nederland, wat **alle ander gesange** uit die kerke geweer het (art.

69 D.K.O.). . . het sonder beswaar die lofsange van Maria, Sagarias en Simeon ingevoer. Tog word teenoor hierdie nugtere en voor-die-handliggende opvatting die absolute standpunt deur sommige gehandhaaf: 'Wat gesing mag word, is **alleen** die Psalms van Dawid en dan die by name genoemde gesange. . .' Net die genoemde getal en niks meer nie, deur wie ook al gedig of hoe mooi ook al. Beslis en bewus is die deur toegemaak vir enige ander gesang of lied. Alle ander liedere of gesange is deur ons vaders verbied, so word geredeneer, nie omdat die Woord van God dit verbied nie, maar hulle (die vaders) het dit verbied op grond van hulle **ervaring.**" (426)

Implikasie: Hierdie skrywe bewys ten minste dat daar nog altyd in ons Doppekerke lidmate was wat 'n probleem gehad het met die SB. Vandag se 'streng rigting' is dus niks nuuts nie. Oral en deur die eeue is daar die groep wat PA gehandhaaf het, of ten minste: PA en die genoemde 6 liedere van Dordt (1618/19).

Totius gaan dan voort om te bewys (ek herhaal nie die inhoud van deel 1 en 2 nie, maar som net op):

**a. Om Skrifgedeeltes buiten die Psalmboek te berym, is nie strydig met die kerkgeskiedenis van ons Gereformeerde kerke nie:**

- ons Psalmboek het reeds 'enige gesange' in (die 5 SB en een Gesang: AGB)
- Calvyn se Psalmboek het ook SB bevat, en die oorspronklike titel was "Enkele Psalms *en gesange* op musiek gesit" (1539). In 1543 het Calvyn nog twee SB bygevoeg.
- Datheen en Marnix se Psalmboeke het SB bevat. Marnix het 21 SB bevat en die AGB berym.
- Voetuis het geskryf, " 'n **prinsipiële** uitspraak dat in die kerk alleen die Psalms gesing mag word, nêrens deur die Gereformeerde Kerk gedoen is nie."
- In die Geref Afskeie kerke van Ndl kerke was ds. Hendrik de Cock die enigste prinsipiële teenstander vir die uitbreiding van die SB, terwyl sy seun, H de Cock, Brummelkamp, Van Velzen nie daarteen was nie.
- Ons eie Dirk Postma veroordeel nie die (regsinnige) vrye kerklied nie, maar glo die lied wat regstreeks uit die Skrif kom (Ps en SB), is die veiligste en beste.
- Die GKSA het verdere ontstaan, nie opsigself omdat ons teen Gesange is nie, maar oor die verkeerde 'leer' van die Gesange (en die gewetensbinding wat daarmee saamgegaan het. - SLC)

Implikasies: PA voorstanders kan dus nie sê o.g.v. die geskiedenis: "ons moet net Psalms sing, want dit is wat ons geref kerke nog altyd gedoen of wou gedoen het nie." PA kan wel daarop wys dat die Psalmboek by uitstek die voorkeur gekry het deur die geskiedenis van die kerk deur die eeue (vroeë kerk, Reformasie, Nederland, SA,

herstigting, ens), en in die middelpunt van ons lofsang moet staan, en, as die SB so baie word, en Gesange gaan ook nog toegelaat word, dan is dit verseker verby met die sentraliteit van die Psalmboek, want 'elke keer as 'n SB of Gesange opgegee word, is dit een minder Psalm wat gesing word.'

**b. Om Skrifgedeeltes buiten die Psalmboek te berym, is nie strydig met die kerkreg/orde van ons Gereformeerde kerke nie:**

- Die Konvent van Wezel (1568) en die Sinode van Dordt (1578) het Datheen se Psalmboek, wat enkele SB in gehad het, netso aanvaar. Wat nagelaat moet word, is "die gesange wat nie in die Heilige Skrif gevind word nie", d.w.s. Gesange (hierdie standpunt is nie altyd konsekwent toegepas nie - SLC)

- Dordt se besluit van 1618/19, word soos volg verduidelik deur Totius, en ek haal hom weer lank aan, omdat dit juis die verskil tussen hom en die latere ds. LS Kruger uitwys oor die SB:

"En nou kom ons tot die vermaarde besluit van Dordt 1618/19, art. 69. Volgens die Post-acta van dr. H. H. Kuyper was dit nodig dat die Sinode oor die gesangekwessie moes handel, want:

(i) In Overijssel en die noordelike provinsies was die boerebevolking baie verkleef aan die „Oosterse lofzangen”, d.w.s. aan sekere Duitse kerkliedere: Moet hulle gesing word, ja of nee? — dit was die eerste vraag.

(2) Die Remonstrantse Sinode van 1612 het, lynreg teen die besluit van die vroeëre sinodes, in Utrecht besluit dat ‘n kommissie ‘n bundel gesange moet saamstel. Hiervan sê dr. Kuyper: „Dit was ‘n gevaarlike presedent, en daarom was dit goed dat die Generale Sinode nog een maal die beginsel duidelik uitspreek dat in die kerk net die Psalms gesing wou word” (bl. 155).

(3) Ten derde spreek dr. Kuyper van die „Enige gesange” wat in Datheen se Psalmboek voorgekom het en waarvan ons reeds ‘n opsomming gegee het. Hy sê: „In die derde plek het die vroeëre Sinodes wel bepaal **dat net die Psalms gesing mag word en gesange wat aan die Skrif ontleen is**, maar watter gesange daarmee bedoel is, is nie vasgestel nie.” Van hulle moes net die getal vasgestel word, die name genoem word, om veral „twyfel” uit te sluit t.o.v. die Gesange „O God, die onze Vader bist” en die „Avondtgebedt” (bl. 156). Net soos al die artikels van die Dordtse Kerkorde moet ook hierdie een in sy historiese wording en verband verklaar word. En dan blyk dit dat prof. De Cock volkome na waarheid gesê het dat die Dordtse besluit „deur die **omstandighede** vereis is”.

**Hier is dus nie ‘n besluit wat alle gesange wat was en is en nog sal word, onder ‘n ban plaas nie maar een wat onder bepaalde omstandighede geneem is.** Bowendien is hierdie artikel in sy geheel en met al sy dele onderworpe aan wat in art. 86 ten opsigte van al die artikels van ons Kerkorde bepaal is: „Hierdie artikels wat betrekking het op die wettige orde van die kerk, is so opgestel dat hulle, as die belang van die kerke dit anders vereis, verander, vermeerder of verminder kan word en behoort te word.”

Ons hier in Suid-Afrika het dan ook art. 69 al een maal gewysig deur 'n besluit wat die Sinode van 1913 geneem het en nou in ons Kerkorde ingelyf is.

Verandering, waar **noodsaaklik**, is dus geoorloof. Ja, meer nog, verandering behoort aangebring te word, sê die Kerkbode (*sic*, ek dink Totius het bedoel: *Kerkorde*, of dalk was dit 'n drukkersfout ? -SLC), as die belang van die kerke dit vereis. En tel maar 'n bietjie op hoeveel artikels van die Dordtse Kerkorde alreeds in ons Kerkorde verander is en op watter belangrike punte. Gedurig vestig ek die aandag van die studente daarop.

Nouwel, ten opsigte van die noodsaaklikheid van die Nuwe-Testamentiese lied het ons wel met 'n „belang” van die Gereformeerde Kerke te doen wat nie meer weggedink kan word nie.

Alreeds Calvyn het **die noodsaaklikheid daarvan naas die Psalms** in sy eerste Psalm uitgawe erken en wel in die verhouding 1 tot 6 — dus nie miniem nie. Ook Dordt 1618/19 het die noodsaaklikheid nie verontagsaam nie — **selfs is 'n vrye lied opgeneem**. Dat daar nie meer Nuwe-Testamentiese berymings opgeneem is nie, moet ook daaraan toegeskrywe word dat daar, sover ek weet, nie ander Nuwe-Testamentiese berymings van gereformeerde herkoms bestaan het nie. Die enigste lied wat nog voorhande is, is die beryming van die Engelesang deur Marnix. Maar ek meen dat hierdie sang nie genoeg is nie, om dat Marnix se beryming nie sinodaal aanvaar is nie.

Die belang van die kerke ten opsigte van die Nuwe-Testamentiese lied het egter in die laaste tyd (nou dat die gesangstryd verby is) so sterk na vore getree dat sowel die Geref. as die Chr. Geref. Kerke in Nederland, elkeen op sy eie manier, aan die bundeltjie „Enige Gesange” aanmerklike uitbreiding verleen het.

In die Nederlandse Kerkorde lui art. 69 nou kortweg: „In die kerke sal gesing word die Psalms asook die „Enige gesange” soos hulle gehandhaaf en vasgestel is vir kerklike gebruik deur die Sinode van Middelburg van 1933.” Al die ander woorde van die ou art. 69 het verval.

Dat die Nederlandse en Amerikaanse Kerke vir die vrye regsinnige lied gekies het, hoef ons hier nie op te hou nie. Dit is nie die punt wat in geskil is nie. Met verwysing na die uitspraak van Voetius wat ek hierbo gegee het, merk ek alleen op dat ons, staande op die standpunt deur wyle prof. Postma ingeneem, **hulle nie kan veroordeel nie**, en ons korrespondensie nie hoef af te breek nie.

Dat ek van hierdie twee susterkerke melding maak, is om te be klemtoon dat (i) uitbreiding van ons kerkgesang **geoorloof** is en prinsipiëel nie deur art. 69 verhinder word nie, en (2) dat die noodsaaklikheid tot uitbreiding nie 'n plaaslike, beperkte verskynsel is nie maar hom uitgestrek het oor die ganse gebied van die Gereformeerde Kerke in die wêreld." (432ev)

Implikasies: Volgens Totius, is die verskil oor die inhoud van die lied (solank dit almal 'regsinnig' is), nie genoegsame redes om sustersbande met ander kerke te breek nie. PA voorstanders sal moet besin oor die 'noodsaaklikheid' van die SB, en of ons nie juis al God se Woorde, dit wat hul openbaar as lied, aan God moet sing nie ? Calvyn

se fundamentele beginsel was: "wat ons van God ontvang het", en dan sê hy die 'beste en mees waardigste' is die Psalms, maar hy sluit nie die res van die kanonied uit nie. Dit lyk dus dat as dit oor die getuienis van die DFE kerkgeskiedenis gaan, die besluit oor of ook SB gesing word, al dan nie, oor die boeg val van 'sekerheid' en die 'beste en veiligste', en nie of dit 'n oortreding is van die 2de gebod is, al dan nie.

**c. Om Skrifgedeeltes buiten die Psalmboek te berym, is nie strydig met die Skrif ons gereformeerde belydenis nie:**

Totius gebruik nie 'n aparte opskrif daarvoor nie, maar die inhoud van sy skrywe wys daarop:

"Dit laat my soms weemoedig voel as ek merk hoe veelvuldig die beryming van die Twaalf Artikels in die erediens gesing word. Ek beluister in die sang 'n begeerte, 'n honger om ook Christus en die Heilige Gees in aanbidding te eer en **om Christus se volbragte werke groot te maak**. Die gemeentes snak na meer! En mag ons so 'n diep geestelike begeerte met 'n enkele gebaar afwys?

Nog iets. Wat sing ons kinders nou? Die grootmense mag dit en dat nie sing nie. En die kinders wat hierdie oordeelsvermoë nie besit nie? Hulle sing Hallelujas en ook Evangeliese Gesange. Mag 'n kind dan iets in die kerk sing en nie in die skool nie? **Watter dualisme is dit?** Is ons nougesetheid nie misplaas nie, buite alle proporsie met die werklikheid? Wat bied ons aan om rigting te gee?

**Die aksie vir die Nuwe-Testamentiese lied is dus in geen opsig ongereformeerd of onkerkregtelik nie.** En tog het 'n korrespondent in *Die Kerkblad* hom die opmerking veroorloof dat my optrede in hier die saak groot besorgdheid veroorsaak. Besorgdheid waarvoor? Om dat ek iets ongereformeerds, iets onkerkregteliks gedoen het? Besorgdheid waarvoor? **Omdat die gemeente van die Here die Woord van die Here sal sing in die huis van die Here?** Waarlik, hier word 'n besorgdheid geopenbaar wat inderdaad besorgdheid wek!

Want waarop moet ons uiteindelik gaan steun as die bo aangeduide histories-kerkregtelike lyn nie meer gevolg mag word nie? Op niks anders as 'n **mensewoord** nie, nl. art. 69 K. 0., en dan nog wel 'n mensewoord wat blykens die Kerkorde self aan **verandering** onderhewig is as nie teen die Woord van God ingegaan word nie en die belang van die kerk dit vereis! Terwyl ons Konfessie (*NGB*) in art. 7 sê: „Geen geskifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die Goddelike Skrifte gelykgestel word nie, of ook die gewoonte met die waarheid van God nie — want die waarheid is bo alles — of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone, of die Kerkvergaderinge, verordeninge of besluite nie; want alle mense is uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid sef.”

En nou weet ek dat diegene wat aan hulle besorgdheid uiting gee, nie bedoel om teen art. 7 van ons Konfessie in te gaan nie. Die oordeel van die liefde moet ook oor hierdie bewering gaan. Maar dan moet ons ons matig in ons oordeel en nie onnodig seermaak nie. Ten slotte

moet ons almal met Paulus erken: „Ons kan niks doen teen die waarheid nie, maar wel vir die waarheid” (2 Kor. 13:8).

**Ek is daarvan oortuig dat ten opsigte van die Nuwe-Testamentiese berymings uit twee dinge net een moontlik is: Of die berymings is volgens Gods Woord sowel wat hulle beginsel as hulle inhoud betref— maar dan mag hulle nie geweerd word nie —; Of hulle is nie volgens Gods Woord wat hulle beginsel en inhoud betref nie — dan moet hulle geweerd word; maar dan moet ook alle berymings van die Psalms uit die kerkdiens uitgesluit word, want hulle het op presies dieselfde wyse tot stand gekom.**

Ons Gereformeerde Kerke het histories gekies om die Woord van God **nie letterlik te sing nie maar deur middel van berymings**. Aan hierdie standpunt wil ons getrou bly. **Maar dan het ons ook geen reg om onderskeid te maak tussen Woord van God en Woord van God nie**. Die **ganse** Heilige Skrif is die Woord van God. En wat daarin **vir ritmiese vertolking** vatbaar is, mag nie na menslike maatstaf geweerd of nie geweerd word nie. Die Woord van God mag nie gebreek word nie. Hierdie redenering is tog seker logies en konkludent."

#### Implikasies:

1. Dit is in lyn met die DFE tradisie se kerkgeskiedenis om ander dele van die Skrif, buiten die Psalmboek te berym vir sang.
2. Om SB te maak, is nie in stryd met die oorspronklike KO's van die DFE tradisie nie, maar juis in lyn daarmee.
3. Dit is nie 'ongereformeerde' om SB te sing nie, volgens Totius se slagspreuk: "In die huis van die Here, die woord van die Here".
4. Die *beryming* van Psalms en ander Skrifgedeeltes lê op een vlak. Albei, *prinsipieel* gesien, kom uit God se Woord, die een kan nie verwerp word ten koste van die ander een nie. Indien 'n mens wel 'n konsekwente saak wil uitmaak teen die SB/vrye kerklied, dan sal daar oorgegaan moet word na 'n Psalms wat direk oorgesit word om 'netso' gesing te word. Hierin was kerke in die westminster tradisie meer konsekwent (Puritiene; Skotse Covenanters).
6. Indien 'n mens dus 'n saak wil uitmaak vir die sing van Psalms alleen (PA), dan sal dit ook moet wees op die vlak van "veiligste en die beste", versigtigste, dit bevorder die eenheid meer, ens. Soos wat Totius en kie nie **prinsipieel** staan teen die vrye kerklied nie, maar weens die 'veiligste en beste' argument daarteen staan, so kan PA voorstanders op die 'veiligste en beste' argument staan teen SB. Soos ds. LS Kruger tereg beweer, en so bietjie aangepas deur myself: daar is baie *meer* menslike willekeur betrokke by die keuse en maak van SB, as bv. die 150 Psalms wat baie duidelik afgerond en saamgebundel is. By die SB worstel 'n mens met nog net groter probleme, soos wat kan berym word en wat nie. Is die Wet 'n lied ?, die gelykenis van die verlore seun ? Moet ons Gen.1:1-3 berym, ens. Met al hierdie vrae (en daar is meer), veroorsaak dit minder sekerheid en meer onordelikeheid oor wat ons gaan sing.

7. Dus, om SB te sing, is veiliger en beter as om Gesange te sing, maar, om Psalms te sing, is nog beterder en veiliger (en bring nog meer duidelikheid en sekerheid), as om SB te sing.

Of anders gestel: "En nou bly SB, Gesange, Psalms oor - hierdie drie; maar die grootste hiervan is die Psalms!" ;-)

8. Die dualisme tussen gesin, kerk en skool moet inderdaad verwerp word soos Totius aandui: in aldrie moet die Psalms gesing word (PA standpunt) of die Ps en SB. Dit wys op die belangrikheid van gereformeerde verbondskole, beide tuisskole en/of ouerskole. Miskien is dit ook een van die redes waarom mense nie meer tevrede is met die Psalms nie, en later ook nie eers meer met die SB ook nie, en dan verlang na meer Gesange: "omdat die 'volke' om ons so lekker (gesange) sing, my kind!", sê NGWolff vir rooidoppertjie ...

## **B. "Is die uitbreiding van die bundel 'Enige gesange' geoorloof" - 'n Reeks van 8 artikels in die KB geskryf (2 Mei 1934 - 15 Aug 1934) deur Totius, in antwoord op ds. HJ Venter se besware oor die uitbreiding van die SB (444-476)**

Ds Venter haal 6 'outoriteite' aan hom sy standpunt te verdedig, nl. dat Dordt (1618/19) met die gee van die name van vyf SB en een Gesang (AGB), bedoel om te 'beperk', en nie 'n beginsel' daar te stel vir verdere uitbreiding van die liedereskat nie (sien ook ds. LS Kruger se artikel wat hierdie standpunt handhaaf, beskikbaar by die esra instituut webtuiste, onder 'kerk').

Totius antwoord ds. Venter deur daarop te wys dat elkeen van daardie 6 'outoriteite' die teenoorgestelde uitwys, nl. dit is geoorloof om SB te maak.

Ek gaan nie al die detail herhaal nie, maar opsom en aanhaal waar nodig.

### *1. Outoriteit 1: prof. W Heyns van die CGCNA (VSA, susterskerk)*

- Totius skryf, nadat hy Heyns aangehaal het uit sy eie werke, meer volledig: "Ds. Venter se 'konklusie' is dat die Dordtse vaders alles behalwe die 150 Psalms 'verbied' het, terwyl prof. Heyns op grond van art.69 opening vind selfs vir die vrye (regsinnige) kerklied." (446)

### *2. Outoriteit 2: Abraham Kuyper*

- Venter haal Kuyper nie volledig aan nie, maar Totius wel:

"Ons lees in Kuyper se *Eeredienst* (bl.55 ) voluit dit (die weggelate woorde word deur my gekursiveer) 'Hulle (Dordt, 1618/19 - slc) het selfs nog aan die gebruik van die Psalms die gebruik van enkele ander liedere toegevoeg; wel by wyse van uitsondering, maar *ook dit sou hulle tog nie kon gedoen het nie as dit vasgestaan het dat daar in die reg van God ingegryp word deur vir die sang in die midde van die gemeente ook maar iets self te formuleer.*'

Kuyper voer dan ook in sy betoog die pleit selfs vir vrye (regsinnige) liedere (bl. 61) *en wel op grond van wat die vaders in Dordrecht gedoen het.* Hy sê, onmiddellik nadat hy die

gekursiveerde woorde neergeskryf het: Van hierdie reg van eie formulering beskou ons derhalwe dat dit histories en kerkregtelik (ek kursiveer) vasstaan, vir die prosagebede onbetwis, vir die gesonge gebede in beginsel (ek kursiveer).

Maar ds. Venter haal Kuyper nog 'n keer op die manier aan. In *Die Kerkblad*, 972b lees ons dit: „Op bl. 8 (van *Onze eeredienst*) skryf dr. K. die volgende duidelike woorde, waar hy dit nog het oor die in art. 69 genoemde gesange: 'Al gee 'n mens dus toe dat hierin 'n *sekere konsessie geleë is, ...*'

Die laaste woorde is weer deur ds. Venter gekursiveer, en daarna sit hy weer stippeltjies. By Kuyper staan voluit dit: 'Al gee 'n mens dus toe dat hierin 'n sekere konsessie geleë is, *staan dit tog vas dat hulle so iets nie as bepaald deur God verbode beskou het nie. Hoe sou 'n algemene sinode tog ooit iets kon toestaan wat hulle as van Godswëe verbode beskou het.*' (Ek kursiveer.)

Ek hoop dat die geagte broeder my nie sal kwalik neem as ek weer vra hoe hy hom op 'n man soos Kuyper kan beroep nie? Ds. Venter wil die deur totaal toemaak. Kuyper wil dit oophou. Ds. Venter sê dat die gesange in art. 69 geen „fondament” is om op voort te bou nie. Kuyper sê dat eie formulering van die kerklied op grond van art. 69 histories en kerkregtelik in beginsel vasstaan ! Dit het ook prof. Heyns hierbo staande gehou. (Die leser sal wel in gedagte hou dat ek nou Kuyper se standpunt nie beoordeel nie. Ek toon net aan wat hy werklik sê.)"

Implikasie: Nou ja, ekself glo dat ons elkeen 'n *opinie* kan hê oor die *feite van die verlede*, maar ons mag nie van feite opinies maak nie. Ons moet ons bes probeer om die verlede te respekteer soos wat die verlede homself aanbied, en dan met die verlede (kerkgeskiedenis) saamstem of verskil ogv Skrif en belydenis soos ons in ons gewete oortuig is. Een engelse staatsman het dit soos volg gestel: ons struikel so nou en dan oor die feite ... maar ons kry dit reg om weer op te staan en voort te gaan !

### 3. Outoriteit 3a: Calvin

Venter beweer dat Calvin bloot uit gebrek van genoeg Psalms wat reeds berym is, 'n paar SB bygevoeg het. Totius wys daarop dat ook latere uitgawes van Calvin se Psalmboek nogsteeds SB bevat het, al het daar meer Psalms bygekom.

Venter beweer ook dat hierdie onkonsekwentheid van Calvin (en later die dordste vadere) om 'n paar SB's te 'verdra', latere geslagte 'baie moeite gekos het', en beweer dat die beginsel van Calvin lei skade as daar nog SB bykom.

Totius antwoord:

"Na hierdie stuk geskiedenis gaan ds. V. voort om aan te toon dat die 'opening deur Calvin gegee, die kerk baie moeite gekos het om weer die deur gesluit te kry". Ook sê hy dat dit 'verstaanbaar is dat die vadere maar laat sing het wat eintlik nie met die beginsel deur Calvin neergelê, ooreenkom nie'. Waar Calvin 'by die klein klompie berymde psalms enige gesange toegelaat het, het die vadere dit ook maar geduld'.



Hier word deur ds. V. aangeneem dat die 'enige gesange' maar toegelaat, geduld is, hoewel hulle ontstaan eintlik nie met die beginsel van Calvyn ooreengekom het nie.

Wat was dan die **beginsel** ? Ds. V. haal dit self aan: 'Augustinus het reeds gesê (aldus Calvyn) dat niemand liedere kon sing wat God waardig is, as hy hulle nie **van God ontvang het nie.**'"

Is nou, so vra ek, die lofsang van Simeon nie van God ontvang nie? Staan dit nie saam met die Psalms van Dawid, wat 'die Heilige Gees hom geïnspireer het' (woorde van Calvyn), in die Bybel nie? Ook die lofsange van Maria en Sagarias — wat ons vaders in hulle kerkboek opgeneem het — staan die dan ook nie in die Bybel nie? Is dit nie, net so goed as die Psalms, berymings van Skrifgedeeltes, naamlik van Luk.1:46-56, 67-79, 2:29-32 nie? En al is die Onse Vader en die Tien Gebooie **geen liedere nie**, is hulle nie ook regstreeks aan die Skrif ontleen nie?

Dat Calvyn in die praktyk, nadat hy, soos hy sê, 'orals gesoek en nagespeur het', hoofsaaklik die Psalms vir sy doel aangewend het, kan elkeen verstaan. In die Psalmboek besit ons 'n sangbundel wat in die allereerste en vernaamste plek moet dien om die lof van God te sing en die gemeente op te bou.

Maar daarmee het Calvyn, soos sy praktyk verder bewys, ander berymbare en vir die **sang geskikte** Skrifgedeeltes nie uitgesluit nie. In ooreenstemming met sy beginsel het hy hulle vir die gemeentesang gebruik.

### **Dit is wat die geskiedenis sê !"**

Implikasie: Totuis wys daarop dat elke Psalm, maar ook elke beryming van 'n ander Skrifgedeelte, **prinsipieel** op dieselde vlak lê, menende dat dit regsteeks uit God se Woord kom. Hy noem ook dat 'sang geskikte Skrifgedeeltes' berym moet word, en dus nie sommer enige deel van die Skrif nie. Maar, dan is die vraag: hoekom dan die Tien Gebooie en die Onse Vader en die gelykenis van die verlore seun berym, terwyl dit nie hulself as lied openbaar nie ?

Dit is op hierdie vlak waar die problematiek en 'onsekerheid' aangaande die SB na vore kom. G Van Rongen skryf: "Maar consequent doorgevoerd is dit denkbeeldt niet (hy bedoel om te bly by liedere wat direk aan die Skrif ontleen is - slc). Want dan moest men zich inderdaad tot de Psalmen alleen beperken. De Schrift is wel vol poëzie, maar niets bewijst dat al die liederen voor kerkzang bedoel waren. Bovendien is er vrij *willekeurig* geselecteerd ..." (*Met al de heiligen*, deel III. Barneveld: De Vuurbraak, 1990: 109).

### *Outoriteit 3b: sinodes in Nederland*

Venter probeer aantoon dat die sinodes net Psalms wou sing, en die SB beperk het tot die 6 liedere by name. Totius wys daarop dat reeds voor Dordt (van 1568, Wentzel en verder) SB reeds aanvaar is. Ek het dit al telkemale hierbo aangehaal, en gaan dit dus nie weer doen nie.

#### *Outoriteit 4: HH Kuyper*

Totius wys daarop dat volgens die Rapport van die Kommissie oor die Kerksang (1929), was HH Kuyper selfs ten gunste was van die vrye kerklied.

#### *Outoriteit 5: Dirk Postma*

Venter beweer dat as Postma skryf dat '**die** gesange waarvan die teks in die Bybel gevind word, die sekerste en veiligste weg is', Postma bedoel die 6 SB's wat gelys is by name by Dordt 1618/19. Totius wys egter daarop, dat met advies van Postma, die GKSA se sinode van 1876 die volgende beginsel aanvaar het, by art.69, wat ook verduidelik wat Postma bedoel het met die woorde '**die** gesange', nl.: "...by die openbare godsdiens alleen gesing moet word die 150 Psalms van Dawid en gesange waarvan die teks in die Gods Woord uitdruklik staan' (art.87)" (463)

D.w.s. Postma bedoel "die gesange" = SB, liedere wat regstreeks aan die Skrif ontleen word.

Die besluit van 1876 is die 'amptelike' sangbeginsel van die GKSA, "dit omvat alle gesange wat regstreeks aan die Heilige Skrif ontleen is". (464)

Implikasie: Postma gee **voorkeur** aan die Skriflied (dit is die veiligste en beste), maar verwerp nie die (regsinnige) kerklied **uit beginsel** nie. Hier wil ek noem, dat as ons eerlik wil omgaan met die kerkgeskiedenis, ons eerlik moet omgaan met die *hele* kerkgeskiedenis, nie net die dele wat by ons standpunt inpas nie. Alhoewel Postma nie in beginsel gekant was teen die vrye kerklied nie, was die ou doppers van daardie tye wel, soos blyk uit die volgende aanhaling:

“In die eerste plek het hulle (doppervaders van die 1800's -slc) uitgegaan van die standpunt dat **die invoer van die Gesange** gelykstelling was van ‘n menslike geskrif met die geïnspireerde Woord van God. Met ‘n **beroep op Art.7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis** het hulle die Woord van God as volmaak en genoegsaam beskou, waaraan niks toegevoeg mog word nie. Die Gesange naas die Psalms in die erediens het hulle beskou as sodanige toevoeging. Hulle het hulle verder vir die volmaaktheid en genoegsaamheid van die Skrif beroep op Deut.4:2: ‘Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooi van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel,’ en op Openb.22:19: ‘En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.’ Teen gelykstelling van ‘n menslike geskrif met die Psalms wat uit die Woord van God was, daarvoor het hulle hulle beroep op Matt.15: 9 in verband met die reeds aangehaalde Dt.4:2. Matt.15:9 lui: ‘Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is.’(GCP van den Vyver, *Dirk Postma 1918-1890* (Potchefstroom: Pro Rege, 1958), p.204-206

Ds. LS Kruger waarsku ook in hierdie rigting:

"Die derde beswaar is dat dit strydig is met die Skrif en die egte Gereformeerde leer, want ons glo dat in die ereidiens alleen die geopenbaarde Woord van God gebruik mag word. En volgens Openb.22: 18 mag ons nie daarby voeg nie. Wie nou 'n vrye lied wil inbring, gee daarmee te kenne dat ons die Skrifliedere as onvoldoende beskou en daarby wil aanvul. Nie alleen sondig ons daarmee teen die Woord van God nie maar ook teen God self deurdat ons daarmee te kenne wil gee dat die Psalms wat God in Sy Heilige Skrif daargestel het, onvoldoende is." (*Waarom is u Lid van die Gereformeerde Kerk?*, Pretoria: Craft Drukpers, 1956, p.143.)

Implikasie: Dus, die historiese skeidslyn in ons dopperkerke, lyk dit vir my, is veral: Skriflied vs Gesange, of die kanonlied vs die vrye lied, ongeag of laasgenoemde 'regsinnig' is of nie, en, dan (volgens ds. LS Kruger se beroep op die 2de gebod teen 'menslike willekeur'), in 'n mindere mate: "Ps vs SB". Die doppervaders het hul beroep op die Skrif en belydenis (NGB art.7), nié om die SB te bestry nie, maar wel om die Gesange te bestry.

#### *Outoriteit 6: Totius self*

Venter beweer dat Totius en Cachet se boekie se titel dan alles sê: "Waarom sing die GK **alleen** die Psalms?"

Totius wys daarop dat op bl.3 van die boekie self staan wat met hierdie titel bedoel word: "die 150 Psalms **en die gesange** waarvan die teks in Gods Woord uitgedruk staan." (469) A. Kuyper praat ook in sy *Onze Eeredienst* van 'eksklusiewe sing van die Psalms' maar daarmee word bedoel, verduidelik hy later: 'byna uitsluitende Psalmsang'

Op Venter se standpunt dat in Openbaring ons net vermeld word wat daar in die hemel gesing word, en dat ons nie nou mag sing dit wat hul in die hemel sing nie, antwoord Totius:

"Is daar in die Skrif iets wat ek mag 'sing' en iets wat ek maar net mag 'verneem' ? Mag ek van die hoop van die heerlijkheid net verneem, maar mag ek my daarin nie singend verbly nie ? **Is dit 'n skeidslyn wat die Heilige Skrif getrek het ?** En waar kan ek dit vind ? Of is dit die konsekwensie van 'n onmoontlike standpunt?" (475)

In konklusie, vermeld Totius in sy laaste artikel oor hierdie onderwerp die volgende:

- dat in die lyn van Marnix. Postma en Hoekstra, dit die 'veilige en sekere' weg is om Skrifgedeeltes te berym, en dat "geen beswaar ingebring sal kan word nie, selfs nie van die kant van diegene wat in hierdie opsig die strengste rigting verteenwoordig nie." (475)

- dit was vir hom 'n natuurlike oorgang om ook ander Skrifgedeeltes te berym, buiten die Psalms.

- Om te sê ons moet stop by die 5 SB's van Dordt, is bloot 'willekeur', ons moet voortgaan en ook ander dele van die Skrif berym.

- Die GKSA staan of val nie by die gesangekwessie nie, dit is 'n gevaarlike stelling. Ons sinode van 1869 het daarop gewys dat hul "afgeskei het oor die leer en nie oor die gesange as sodanig nie."

- SB word op presies op dieselfde wyse berym as die Psalms, daar is geen verskil in werkswyse nie.

Implikasie: Ek het self gedink op 'n tyd dat Totius net eers Psalms alleen asook die 6 liedere (van Dordt) by name ondersteun, veral na aanleiding van sy boekie saam met Cachet. Nou verstaan ek sy titel en standpunt beter, en sien dat hy nie 'n 'ommeswaai' in beginsel/prinsipe ondergaan het, deur meer SB daar te stel nie. Soos elders reeds genoem het, dink ek die titel van sy en prof. Cachet is wel misleidend, maar dit eers daar gelaat. Totius se standpunt oor die lied, is die logiese uitvloeisel van 'n beginsel wat reeds van Calvyn, via die Nederlandse sinode besluite, via Postma, via GKSA Sinode 1876, deel van ons kerke geword het, soos Totius self skryf:

“Daarom hou ons vas aan die beginsel wat in die bloeitydperk van ons Gereformeerde Kerke neergelê is: **in die huis van God die woord van God**. Die gemeente van God moet met niks anders as met die kennis van die wil van God gevoed word nie, en hierdie beginsel kom eers tot sy reg as **alle eiewillige godsdiens** uitgeban en die Skrif self weer die inhoud van alle prediking is.” (Versamelde Werke, deel 3: *Die Erediens*, Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1977, bl.217)

### Samevattende konklusie

Ek wil deel 1- 3 van my artikels, wat Totius se uiteensetting oor die lied in die kerk saamgevat het, be-eindig met 'n laaste aanhaling uit Totius aangaande die verskillende standpunte aangaande art.69 KO, prinsipiële en histories gesien, wat dan ook belangrik is vir ons verdere besinning oor moontlike verandering van art.69 om Gesange te akkomodeer (DV, sinode 2012):

"Nou vra ds. Venter: „Watter beginsel moet dan aanvaar word ?“

### „Berymde Skrifgedeeltes” of „vrye liedere”?

Ek sal probeer om op hierdie vraag ‘n duidelike antwoord te gee.

Uit die praktyk het geblyk dat daar vier meninge omtrent art. 69 bestaan wat nie juis almal met mekaar in konflik is nie. Laat my dit so voorstel.

(1) Die mening dat „net die in art. 69 genoemde getal gesange en niks meer nie” gesing mag word. Dit is die standpunt van ds. Venter. Tot nog toe het ek onder die skrywers niemand gevind wat saam met ds. V. hierdie standpunt beslis verdedig nie. [ds. LS Kruger en ander doppers deur die laaste dekade het hierdie standpunt verdedig, terwyl daar vandag sekere doppers is wat pleit art.69 moet bloot 'net Psalms' toelaat vir die publieke eredienste. - SLC]

(2) Die mening dat dit nie verkeerd is om meer Skrifgedeeltes te berym nie maar dat die invoering daarvan besware sal oplewer. Dit was, sover ek my herinner, die gevele van 'n paar broeders wat teen die jongste sinodebesluit gestem het.

(3) Die mening dat dit die veiligste weg is om te bly by die beryming van Skrifgedeeltes. Dit is die standpunt van Marnix van St. Aldegonde, van die ou Gereformeerde sinodes, van wyle prof. D. Postma (soos ek later sal aantoon) en van ons jongste sinode.

(4) Die mening dat ons ou sinodes, deur beryminge toe te laat, opening gegee het vir die vrye formulering van die vrye (regsinnige) kerklied, waarby dan nog gewys word op die gesang „O God, die onze Vader bist”, wat die Dordtse Sinode in die vryheid van die gemeentes gelaat het om te gebruik of nie te gebruik nie. Dit is die standpunt van Voetius, A. Kuyper, H. H. Kuyper e.a. en ook van die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland wat onlangs gehou is.

Nou is dit feitlik net standpunt (1), die van ds. V., wat heeltemal apart lê. Standpunt (2) is prakties van aard en val in beginsel met standpunt (3) saam, **terwyl standpunt (4) nie juis bots met standpunt (3) nie**. Wyle prof. Postma het dit so duidelik moontlik gesê dat as 'n kerk gesange het waarvan die teks nie in die Bybel staan nie en hul is „regsinnig”, „dan durf hy die kerk daarin nie veroordeel of ook daarvoor bemoeilik nie”. Dat hy hom hou aan die gesange waarvan die teks in die Bybel gevind word, is omdat dit „seker die veiligste weg is”. Dit was ook die standpunt van Marnix: „Ons ag dit veel **sekerder**” ens. (vgl. die sitaat vroeër deur my gegee). Hiermee is die **fundamentele** betekenis van art. 69, D.K.O. genoegsaam in die lig gestel.

Ek hoop dat dit nou duidelik is dat ds. Venter géén reg het om te skrywe dat ons in art. 69 geen „fondament” besit om op voort te bou nie (K. 972a). Die teendeel blyk uit al die stukke wat ek geskryf het.”

### **Implikasies:**

i. In die begin van Totius se skrywe oor die NT lied, het hy dit gestel dat hy dit veral het teen hulle "wat **prinsipiëel** die Bybelse lied bestry as dit nie juis uit die Psalmboek afkomstig is nie." (bl.425).

ii. Uit alles wat ons sedertien behandel het van Totius, en veral sy woorde hierbo dat standpunt 3 en 4 nie in botsing met mekaar is nie, is die logiese gevolg dat ons ook nie vandag (2009, oppad na 2012) **prinsipiële besware** kan hê op grond van die Skrif, konfessie, kerkgeskiedenis en kerkorde dat ook (regsinnige) Gesange ons kerke ingevoer gaan word nie.

iii. Kanonsingende broeders (Ps en SB) staan dus ook nie op sterk prinsipiële gronde (as Totius reg is), waarom net die kanonliedere ge-oorloof is in die kerke met uitsluiting van Gesange nie. Volgens Totius is daar 'n **praktiese** graadverskil tussen die beryming van liedere regstreeks uit die Skrif, en om liedere te maak wat onregstreeks uit die Skrif kom.

iv. Soos wat sekere PA voorstanders die 'gewenheid' van die Psalmboek aanvoer as 'n sterker 'sekerheid' wat om te sing, en dat dit die 'beste en veiligste' weg vir ons lied in die kerk is, so sal kanonliedere voorstanders die 'gegevenheid' van die kanon aanvoer as rede vir 'sekerheid' en die 'beste en veiligste' weg vir ons lied in die kerk, teenoor die Gesange wat dan minder sekerheid en veiligheid bied. Soos Totuis skryf: "So lank as ons aan die beginsel van **beryming** vashou vir beide Psalms en Nuwe-Testamentiese sange, is ons veilig." (473)

v. Indien die kwessie van 'beryming' weggeneem word, en die Psalms en ander liedere in die Skrif 'netso' gesing word, sal daar 'n **prinsipiele** teenstelling wees tussen kanonlied en gesange. Die vraag is dan: waar stop 'n mens later: moet ons nie dan die Psalms later in Hebreeus sing, om nog veiliger en sekerder te wees nie? Ek dink nie dit is die regte weg om op te gaan nie. Die Here wil tog seker hê ons moet Hom loof en prys in ons verskeie tale (Rom.15:11; Op.5:11-14).

Dit lyk my in die harde praktyk gaan dit daarop neerkom: wat is my/ons voorkeur as gelowiges en gemeentes, o.g.v. praktiese redes?

In my volgende bydrae, DV, gaan ek stilstaan by 'n paar mededelings vanuit die engels gereformeerde wêreld.

---

#### **Die kerklied (4) – die kerklied in die presbiteriaanse wêreld**

Nog voor ek hoop om laaste deel (deel 5) te skryf oor die lied, net kortliks uit die engelse gereformeerde wêreld 'n paar mededelings:

Die RBE word deur gereformeerde gelowiges in daardie tradisie teruggevind in die *Westminster Confession of Faith* (WCF), hfst.21:1,

Die lig van die natuur wys dat daar 'n God is wat heerskappy en soewereiniteit oor alles besit; Hy is goed en doen goed aan almal; en moet daarom gevrees, bemin, geprys, aangeroep, vertrou en gedien word met die hele hart en met die hele siel en met alle kragte [a]. Maar die welgevallige wyse om die ware God te aanbid, **is deur Homself ingestel en is so beperk deur sy eie geopenbaarde wil**, dat Hy nie aanbid mag word volgens die versinsels en uitvindings van mense of die ingewings van satan nie, onder enige sigbare voorstelling, **of enige ander wyse wat nie in die heilige Skrif voorgeskryf is nie** [b].

[a] Rom\_1:20; Act\_17:24; Psa\_119:68; Jer\_10:7;  
Psa\_31:23; Psa\_18:3; Rom\_10:12; Psa\_62:9; Jos\_24:14;  
Mar\_12:33.

[b] Deu\_12:32; Mat\_15:9; Act\_17:25; Mat\_4:9-10;  
Deu\_15:1-20; Exo\_20:4-6; Col\_2:23.

In hfst.21:5 lees ons dan die volgende oor aanbidding:

Die lees van die Skrifte met eerbiedige vrese [q]; die suiwere prediking [r], die bewuste hoor van die Woord in gehoorsaamheid aan God, met verstand, geloof en eerbied [s], **die sing van psalms met dank in die hart [t]**, asook die regte bediening en waardige ontvangs van die sakramente deur Christus ingestel, is alles deel van die gewone erediens van God [u]; benewens die gelowige ede [v] en geloftes [w], plegtige vaste [x], en die dankseggings by besondere geleenthede [y], wat in hulle onderskeie tye en seisoene op 'n heilige en godsdienstige wyse gebruik moet word [z].

[q] Act\_15:21; Rev\_1:3. [r] 2Ti\_4:2. [s] Jam\_1:22;  
Act\_10:33; Mat\_13:9; Heb\_4:2; Isa\_56:2. [t] Col\_3:16;  
Eph\_5:19; Jam\_5:13. [u] Mat\_28:19; 1Co\_11:23-29;  
Act\_2:42. [v] Deu\_6:13; Neh\_10:29. [w] Isa\_19:21;  
Ecc\_5:5-6. [x] Joe\_2:12; Est\_4:16; Mat\_9:15; 1Co\_7:5.  
[y] Psalm 107; Est\_9:22. [z] Heb\_12:28.

**Implikasie:** Dus in die WCF word die sing van Psalms eksplisiet genoem, nie net 'sang' oor die algemeen nie. Daar word nie gesê "psalms and hymns" nie. In die DFE tradisie word die oproep tot sang en die inhoud nie eksplisiet vermeld nie, maar by Sondag 38 word wel die volgende gemeld: Woordbediening, samekomste, sakramente, *die Here aan te roep* en Christelike liefdesgawes. Volgens Ursinus se verklaring by sondag 38, lyk dit asof hy die sang onder 'die Here aan te roep', insluit, saam met die gebede. Hy vermeld egter nie die 'inhoud' van die sang nie, maar wel dat God geloof moet word midde die gemeente (Ps.68:27; 92).

Volgens Douglas D Bannerman het die 'Church of Scotland' John Knox se liturgie gevolg "which included more than exclusive Psalms", maar hy noem nie wat meer ingesluit was as lied nie (JA Pipa (ed.), *The Worship of God: Reformed Concepts of Biblical Worship*, Mentro, 2005:72).

Veral die Engelse Puriteine het hul sterk geskaar om slegs die Psalms te sing.

Volgens Schwertley (Pipa, *ibid.*, 182) het die Presbiteriaanse kerke in Amerika vir 250 jaar nie gesange gesing nie, en eers in 1788 is gesange amptelik ingevoer.

Hedendaagse RBE voorstanders in die WCF tradisie verskil soms hewig oor die toepassing van die RBE op die terrein van die lied. Sekeres meen dit geld net vir die bevel tot die lied,

